**Nelia Vorster**

# Saartjie Baartman: aardse Venus

Op twintig
is roem en rykdom
jou beloof.

In die witmanwêreld moes jy vind
dat jy maar net
halfmens was.

In 'n hok op pleine
moes jy gedwee bly staan
dat brille en baarde
kom hmmm, kom haa
oor die kroes van jou hare
    die grootte van jou boude
    die volheid van jou lippe
terwyl hul kwylend spekuleer
oor dit wat verborge is:

nóg Pond, nóg Frank
kon toe jou bene sprei.